NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin

Tel: 021 686 4315 **E-pos:** ngkrbos@mweb.co.za facebook.com/ngrondebosch
ABSA Claremont, **Rek:** 2870141125, **Branch:** 632005 **Swift Code:** ABSAZAJJ

PROGRAM VIR DIE WEEK
25 April 2021- Pase

Baie welkom by ons Erediens. Ons dienste word ook om 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.

Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees, behalwe wanneer InVia die diens lei.
https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09
Meeting ID: 838 0444 7977 Passcode: 691201

10:00 Ds Pieter Oberholzer
Teks: Efesiërs 4: 17-32
Tema: Skakel af, maak skoon en begin van voor af.

Liewe gemeente

Toe God die eerste mense gemaak het, gee Hy vir hulle 'n blyplek en 'n opdrag. God vertrou die mens met sy skepping. Hy verwag dat ons die natuur en die omgewing op 'n verantwoordelike wyse sal bestuur. Ongelukkig is daar tans baie dinge wat die voortbestaan van die mens op die planeet bedreig. Die mens haal veel meer uit as wat hy terugsit en daarom is dit vanselfsprekend dat die beskikbare hulpbronne nie vir altyd gaan hou nie. Daarom is dit nodig dat die kerk erns maak met die ekologie.
Die brand teen Tafelberg hier op die voorstoep van die gemeente, is 'n ekologiese ramp wat ook baie mense raak. Baie hektaar veld het afgebrand, geboue is beskadig en onvervangbare boeke en argiewe is vernietig. Genadiglik was daar sover bekend geen lewensverlies nie.
By al die negatiewe het daar ook positiewe dinge uit hierdie gebeure gevloei. Benewens die brandweer en ander vrywilligers wat lang ure teen die vuur geveg het, het daar ook onmiddellik ondersteuningsgroepe ontstaan, wat noodsaaklike ware vir die brandbestryders ingesamel het. Die tweede dag is daar ook groepe gestig wat ontwrigte studente bystaan met middele, nadat hulle die Universiteitskoshuise moes ontruim. Dit was goed om te sien hoe mense spontaan uitreik om diegene in nood te help.
Christene kan nooit onverskillig staan in die aangesig van krisis en nood nie. God verwag dat ons sal hand bysit en help waar ons kan. En as ons nie fisies of materieel 'n bydrae kan maak nie, kan ons ten minste vir die situasie bid.

Groetnis
Pieter.

Program vir die Week

Maandag: Skole vakansiedag
Dinsdag: Vryheidsdag

Ester sal nie Maandag en Dinsdag op kantoor wees nie. Skakel haar gerus op 083 664 6340 in geval van nood.

Verjaardag vir die week

Magdel Oosthuizen 28 Apr

Baie geluk met jou verjaardag
Mag die Here jou Seën

Gebedsversoeke vir die week:

Chris Swanepoel - rugoperasie
Anna van Wyk - kanker
Neill Marais (Snr) - kanker
Sunadia Geldenhuys - kanker
Trudi Faber - Huis Piet du Toit
Frieda vd Walt, beroerte
Koos Venter, Knievervanging

Bydraes vir April 2021

Dankoffers: R56 532 (Mikpunt: R54 000)
Erediensoffers: R 8 961 (Mikpunt: R12 000)
Baie dankie vir elkeen se bydrae.

SnapScan
Snap here to pay

25 April 2021 Vierde week in Paastyd	Joh 10:11-18	"Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.
	Ps 23:1	'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
	Han 4:5-12	Hulle het die apostels voor hulle laat bring en hulle ondervra: "Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen?"
	1 Joh 3:16-24	Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

‘Alleluia, Amen‘,

Op Sondag 30 Mei om 15:30 vind ‘n konsert van geestelike Barokmusiek, getiteld ‘Alleluia, Amen‘, in die kerk plaas. Lente Louw (mezzo-sopraan), Uwe Grosser (Renaissance luit, theorbo) en Erik Dippenaar (orrel) sal ‘n vindingryke program van werke deur onder meer Schütz, Bach, Handel, Purcell, Vallet, Merula en Kapsberger voordra. Die virtuositeit en gevoelvolle vertolkings deur drie van die Kaap se top Barokmusici beloof om nie net te beïndruk nie, maar ook te ontroer. Tydsduur is ongeveer 60 minute. Weens Covid-regulasies moet kaartjies (R150) vooraf bespreek word by lentelouw@gmail.com of 0842775070. (Skakel/Whatsapp ook gerus hierdie nommer vir nadere besonderhede.)

Besoek ons webblad :_www.luckhoff.org

HUIS LÜCKHOFF

ALMAWEG 42, ROSEBANK

MARKDAG

Saterdag: 29 Mei 2021

Tyd: **9:00 tot 12:30** **Plek:** H/V Liesbeeck Parkweg en Almaweg
E-pos: admin@luckhoff.org ☎ 021 689-3612 / 021 689-3633

Teetuin
Groentemark
Pannekoek
Lekkergoed
Koeke,ens.
Boerewors Rolletjies
Lootjies
Klere

Kerrie & Rys
"Slap Chips"
Poedings
Handwerk
Boeke
Wit Olifant items
Musiek
En nog baie meer!!!!

Kom geniet die dag saam met ons.